maroela media
afrikaanse nuus- en kuierplek

Padtoets: Dié bakkie ’n aangename verrassing

11 Mei 2018

(https://maroelamedia.co.za/2018/05/11/)

(https://maroelamedia.co.za/wp-content/uploads/2018/05/JLDFP_20180423_00310_2.jpg)

Die nuwe JMC Vigus 2.4D 4×4 Lux- enkelkajuit (Foto: JMC)

deur Kallie de Jong

Maroela Media het my onlangs gevra om die nuwe JMC Vigus 2.4D 4×4 Lux- enkelkajuit ’n bietjie te bekyk. Ná die vorige JMC was ek nie juis baie opgewonde nie. Gelukkig was ek verkeerd. Die nuwe Vigus-enkelkajuit is voorwaar ’n vars bries. Selfs met die eerste oogopslag kan jy sien dat die nuwe Vigus ’n perd van ’n ander kleur is, en hy is boonop opgesaal.

Die bakwerk en eksterne stilering is ’n aansienlike verbetering op die Boarding en sleep vir JMC mooi in 2018 in. Die binneruim het ook ’n gedaanteverwisseling ondergaan. Die sitplekke is sag, moontlik te sag – tog gemaklik en die bestuursposisie is goed. Ek is 1,8m lank – so dit kan beknop voel, maar kleiner manne gaan heeltemal gemaklik wees. Die kajuit is ergonomies en heel stylvol. Die instrumente is lekker duidelik en lees maklik.

Die Vigus beskik tot my verbasing oor ’n heel goeie klankstelsel. Die klank is besonder goed vir ’n enkelkajuitbakkie en die paneelbord het verskeie funksies soos USB. Ek dink wel daar is te veel klem gelê op die klankstelsel aangesien dit ’n groot gedeelte van die paneelbord beslaan.

Die kajuit word lieflik beheer deur ’n goeie lugreëlingstelsel en dit voel nie asof dit ’n groot impak het op werkverrigting nie. Die tekort aan stoorplek in die Vigus is vir my ’n probleem en ek bly onseker waar om my selfoon en sleutels te bêre. Al plek is in die deur, of die middelste-kissie.

Die ratkas van die Vigus is aanvaarbaar maar kan beslis doen met ’n bietjie verfyning. Indien daar vrag gedra word sukkel ’n mens om ’n balans te vind tussen die koppelaar uitbrand en naby genoeg aan die turboaanjaer se ‘boost’ te kom. Vierde rat is effens lank, en vyfde dan nie veel langer nie, so ek voel die ratverhoudings kan beter versprei word. Die Vigus bied 88 kW en 290 Nm van sy 2,4 turbodieselenjin. Hy sal aanhou draf tot 160 km/h.

’n Groot verrassing is die ritgehalte van die Vigus. Die kajuit is besonders stil vir ’n bakkie, selfs op ’n grondpad. Die Vigus ry ook uiters gemaklik vir ’n 4×4. Die agterste vering, net soos met die Boarding, is vir my effe hard, maar met vrag is die vering aangenaam. Die voorste vering bly te sag na my smaak en met vrag, as mens rem, dan duik die neus af en hop terug.

Die padhouvermoë van die Vigus is in die kol vir dié klas bakkie. Die veiligheidstelsels soos ABS en EBD maak ’n goeie verskil aan die veiligheid en standvastigheid, veral op ’n grondpad. Dit is ’n aangename aanvulling. Parkeerhulp en elektroniese 4×4 skakelaar is ook aangename verassings so laag op die prysleer.

Die grootste verrassing is die prys: R299 990, met ’n 3 jaar/ 100 000 km waarborg. Skielik is die pakket baie aantrekliker as wat ’n mens verwag. Die naaste hoofstroom teenstander is om en by R90 000 duurder en bied nie meer truuks as die Vigus nie.

Ek sal die JMC Vigus 2.4D 4×4 Lux- enkelkajuit só opsom. Die bougehalte is verbasend goed. Die luukshede is voldoende en bied alles wat mens in ’n enkelkajuit benodig. Die Vigus is ’n reuseverbetering vir JMC en is besig om ’n stewige voet in die Suid-Afrikaanse deur te kry. Die teenstanders gaan hul potlode moet skerpmaak.

Die reeks lyk só:

JMC Vigus 2.4D 4×2 Std enkelkajuit	88kW/ 290Nm	R211 880
JMC Vigus 2.4D 4×2 Lux enkelkajuit	88kW/ 290Nm	R241 880
JMC Vigus 2.4D 4×4 Lux enkelkajuit	88kW/ 290Nm	R299 990
JMC Vigus 2.4 petrol 4×2 Std enkelkajuit	95kW/ 201Nm	R201 880
JMC Vigus 2.4 petrol 4×2 Lux enkelkajuit	95kW/ 201Nm	R231 880

JMC Vigus 2.4 petrol 4×4 Lux enkelkajuit	95kW/ 201Nm	R292 880

Die reeks word gedek deur ’n 3 jaar/ 100 000 km waarborg en ’n 5 jaar/ 60 000 km diensplan.

Die kompetisie lyk só:

Mahindra Pik-up 2.2CRDe 4×4	103kW/ 320Nm	4 jaar/ 120 000km waarborg 5 jaar/ 90 000km diensplan	R286 995
Nissan NP300 Hardbody 2.5TDi 4×4	98kW/ 304Nm	6 jaar/ 150 000km waarborg diensplan opsioneel	R354 500
Isuzu KB 250 D-Teq 4×4 Hi-Rider	100kW/ 320Nm	5 jaar/ 120 000km waarborg 5 jaar/ 90 000km diensplan	R389 700
Ford Ranger 2.2 4×4 XL	118kW/ 385Nm	4 jaar/ 120 000km waarborg 6 jaar/ 90 000km diensplan	R389 800

Toyota Hilux 2.4GD-6 4×4 SRX	110kW/ 400Nm	3 jaar/ 100 000km waarborg 5 jaar/ 90 000km diensplan	R427 100

Deel van: Motors (https://maroelamedia.co.za/kategorie/tegnologie/motors/)

JMC (https://maroelamedia.co.za/tag/jmc/)

ondersteun maroela media só

Sonder Maroela Media sou jy nie geweet het nie. Help om jou gebalanseerde en betroubare nuusbron se toekoms te verseker. Maak nou 'n vrywillige bydrae. Onthou – ons nuus bly gratis.

maak 'n bydrae (https://maroelamedia.co.za/donasies?utm_source=webwerf&utm_medium=enkelartikel&utm_campaign=ondersteun&utm_term=maak-bydrae&utm_content=onder-artikel)

Nou pra' jý

Maroela Media wil aan alle lesers die geleentheid gee om hul mening te lug. Kommentaar word beperk tot 250 woorde. Ons sal egter geen rassisme, seksisme, homofobie, vieslike persoonlike opmerkings, ander vorms van haatspraak of kru, kras en vuil taal duld nie. Maroela Media behou die reg voor om enige kommentaar te verwyder wat nie aan ons bepalings en voorwaardes (https://maroelamedia.co.za/bepalings-en-voorwaardes/) vir lesersdeelname voldoen nie. Redes vir die verwydering hoef nie deur Maroela Media verskaf te word nie. Hou in gedagte dat Maroela Media en jy as kommentator aanspreeklik gehou kan word indien jy iemand se regte skend. Moenie die oom of tannie in die familie wees van wie niemand hou nie.

Lees ook

(https://maroelamedia.co.za/tegnologie/motors/padtoets-is-die-jmc-die-perfekte-werkesel/) **Padtoets: Is die JMC die perfekte werkesel? (https://maroelamedia.co.za/tegnologie/motors/padtoets-is-die-jmc-die-perfekte-werkesel/)**

Maroela Media is ’n Afrikaanse internetkuierplek waar jy alles kan lees oor dit wat in jou wêreld saak maak – of jy nou in Suid-Afrika bly, of iewers anders woon en deel van die Afrikaanse Maroela-gemeenskap wil wees. Maroela Media se Christelike karakter is die kern van ons redaksionele beleid. Die beste van alles? Dis gratis!

Maroela Media is deel van die Solidariteit Beweging. Bepalings en voorwaardes (https://maroelamedia.co.za/bepalings-en-voorwaardes/) geld. © 2011 - 2018 Maroela Media.